HEFSIBA NUUSBRIEF
Okt/Nov 2009
(Ook persoonlike Nuusbrief van Kruger en Antoinette du Preez)

Liewe Vrinne,

Sjoe, ons het omtrent aangeland op HEFSIBA na 'n jaar se afwesigheid! Die personeel en studente het opreg bly gelyk om ons weer te ontvang en dit het ons harte sommer goed gedoen - ons het tuisgekom waar die Here wil he ons moet nou werk. Naas die Ker familie wat ons voordeur versier het met woorde van verwelkoming en balonne het Marie Smit vir ons die volgende gediggie geskrywe:

Op die walle van die Vaal
Het julle vrede neergedaal
Heerlik het julle afgesaal
En heel Suid-Afrika rondgedwaal
Julle hier-wees is 'n fees
Mag Jesus julle liggame genees
Vreugde en gesondheid bid ons vir julle
Mag Jesus wegneem julle prulle
Welkom terug by ons
Nou gaan julle werk dat dit gons.

Ja, ons mis reeds sekere dinge daar rondom ons hysie op Parys, dinge soos ; standhoudende lopende water, 'n stortbad, 'n winkel met aartappelskyfies en sjokolade. Ons mis ook familie en vriende, kinders en kleinkinders, TV (lees rugby) kyk by Fanie en Erna ens. Maar alles in ag genome verkies ons dit hier - in elk geval baie goedkoper en veiliger!

BEPLANNINGSVERGADERING

Ons het weggespring met ons jaarlikse beplanningsvergadering en ons was die Here so bly vir die wonderlike gees wat daar tussen die personeellede heers - dit was werklik spanningsloos en sensitiewe sake (soos salarisse) kon rustig hanteer word. Ons was net weer aangenaam verras met ons God wat vir ons so mildelik voorsien het sodat ons al ons boetes kon betaal en die jaar kan uitsien met nog ietsie in die Bank. Dankie aan al ons donateurs - julle is vir ons goud (lees Meticais) werd!

Van lg gepraat. Volgens die staat se instruksies moes ons ons dosente se salarisse nogal heelwat verhoog vir 2010 en hulle sal nou so tussen R3 100 en R5 700 per maand kry afhangende van hulle akademiese kwalifikasies en aantal jare wat hulle vir HEFSIBA werk. Ons is baie dankbaar vir hulle part - die lewe is maar duur. Ons doen nou sommer net 'n beroep op ons donateurs van die verskillende dosente om ook van die verhogings kennis te neem. Dosente soos ds Miguel Nobre wat nou ons Akademiese Hoof is, word nog volledig deur HEFSIBA se eie fondse gedra. Bydraes vir sy salaris sou ons in staat stel om meer geld beskikbaar te he vir ander sake. Miguel se vrou, wat ook help klasgee by die vrouens hier op HEFSIBA, se naam is Aurora.

Dieselfde geld vir ons nuwe tesourier van Zimbabwe wat 'n baie goeie werk verrig. Sy salaris is R3 500 per maand en ons ontvang slegs R833 vanaf die GSM per maand. Hoe lyk dit met die aanneem van 'n gelowige Zimbabwe tesourier van HEFSIBA? Sy

naam is Turisai maar ek verspreek my gereeld en noem hom sommer Tsangerai. Hy is gestuur deur die Reformed Church in Zimbabwe, sy oulike vroutjie se naam is May-be en hulle het 'n fraaie klein dogtertjie van so 3 jaar. Hulle woon op die oomblik in HEFSIBA se gastehuis by gebrek aan beter.

Sorry dat ek nou sommer begin het met salarisse maar ek weet julle sal nie omgee nie. Ons het ook groot ander drome gedroom soos:

- 'n Nuwe Rekenaarsentrum met baie rekenaars
- 'n Taallaboratorium met genoeg rekenaars
- Water wat van die Mawe rivier direk na ons toe oorgepomp sal word
- Nog 2 boorgate - een met 'n handpomp vir die studente
- 'n Garage vir ons trekker en ander voertuie en 'n groot stoorplek

Hiervoor is natuurlik baie gebede en fondse nodig!

Wel, die Here is reeds besig om te voorsien. Wat die taallaboratorium betref het Eduard Schock daar van Mooirivier Makelaars in Potch besluit om behulpsaam te wees - ons wil sommer al Februarie begin! Dirk Smit gaan hoeka binnekort na Lilongue om vir ons hout te gaan soek vir tafels. Sy vrou Marie dryf hom natuurlik want die laboratorium waar veral Engels geleer sal word is eintlik haar projek.

Ons het ook die nuwe burgermeester gaan sien en hy is heel entoesiasties oor ons Mawe water projek en het onderneem om samewerking te gee van die Munisipaliteit se kant. Sy vrou, wat 'n Sielkunde buitemuurse student is by ons, laat my eergister weet dat haar man nou self dit sterk oorweeg om volgende jaar by ons in te skrywe. Laat hy kom! Die Evangelie wag vir hom!

Bid asb dat die regte mense sal aansoek doen vir volgende jaar - die mense wat die Here wil he hier moet studeer. Ons het al 35 aansoeke gekry.

SIELKUNDE BERADINGSKLASSE

Ons was bevoorreg om vir ds Theo Kriek van Parys vir 2 weke by ons te he. Hy is 'n Pastorale Sielkundige wat uit die praktyk met ons finale jaar studente kon praat. Hulle oe het oopgegaan vir die kompleksiteit van die menselike gees maar ook die belangrikheid om dinge wat gebeur het in die verlede te "face" en op 'n besonderse wyse konkreet aan die Here op te dra maar dan ook die wat ons verontreg het te vergewe en ook ons self.

Hy het ook vir van ons studente berading gegee. Ek moes tolk en het my hande saamgeslaan vir die dinge waarmee hulle worstel. Van seksuele oortredings tot demoniese bindinge wat manifesteer in psigo-somatiese verskynsels soos gehoor en sig probleme en selfs skyn swangerskappe!

Ek en veral Petria Theron wat help met die Christelike berading as hoofvak het baie wysheid nodig - dankie vir julle gebede.

MONOGRAFIE en TEMATIESE PREDIKING

Die afgelope twee weke saans het die finaliste hulle monografiee (hulle woord vir skripsies) moes aanbied voor almal en verdedig. Dit is 'n groot okkasie waar Petria 'n leueaandeel gehad het om hulle navorsing op datum te kry. Ek moes dit dan deurlees en kritiek lewer by die openbare geleentheid in die hoofsaal. Ander studente en van die publiek kry dan ook geleentheid om die kandidaat, na sy voorlegging, te bestook met vrae. Dit het ons harte net so goed gedoen om te hoor hoe al die studente, ook die buitemuurse studente van Sielkunde, hulle temas met groot gemak Bybels fundeer het - 4 jaar gelede het hulle van die Woord so te se niks geweet nie!

Ons is so beindruk met 3 van ons buitemuurse studente dat die Akademiese Komitee nou aanbeveel dat ons hulle aanwend as tydelike dosente. Die Bestuurskomitee vergader Vrydag en moet daaroor besluit.

Ons Teologie finale jaar Diploma en Graad studente moes ook die afgelope weke hulle laaste preke lewer en dit moes Tematiese en Dogma preke wees. Ek is die dosent daarin en alhoewel ons min tyd gehad het is ek tog in my skik met die studente se preke. Gister se Eskatologie preek was seker een van die hoogtepunte. Maranatha! Kom gou Here Jesus!

My eie model tematiese preek oor die nuwe hemel en die nuwe aarde het baie bespreking ontlok. Ek het gese die klem moet liewers val op die nuwe aarde as op die nuwe hemel en dat ons verbaas gaan wees oor hoeveel kontinuiteit daar gaan wees. Feit is dat die aarde nuut gaan wees maar dit sal nog dieselfde aarde wees en dat ons daarom nie ons moet skuldig maak aan Eskapisme/Ontvlugting nie maar moet voluit betrokke wees by die ekologie, gemeenskapsopbou en selfs politiek. So van politiek gepraat. Terwyl ek skrywe is dit die groot nasionale verkiesing en gaan alles darem nog stil - mag die Here vir ons wyse en nie korrupte, egoistiese, arrogante leiers gee!

NUWE STUDENTE

Bewus van die ekonomiese resessie in die RSA is daar wyslik besluit om die beurse vir volgende jaar diesefde te hou vir die voltydse studente nl R17 000 per jaar. Dankie vir voortgesette ondersteuning van die kant van die gemeentes en individue! Moenie huiwer om betrokke te raak nie!

Ons aandstudente se klasgelde het bietjie opgegaan. Hulle betaal nou R405 per maand, d.i. R4 856 per jaar volgens die huidige ruilkoers. Ons is dankbaar vir studente van die Igreja Reformada wat ook nou wil buitemuurs studeer. Onder hule is Andrade Manesse, ds Timoteo Maseko se vrou, Eliza en moontlik die seun van ds Samuel Bessitala. As daar van julle voel om vir hulle te help (R405 is sommer baie vir hulle), dan sal dit waardeer word.

NOG GEBEDSSAKE:

1. Die studente begin volgende week hulle eindeksamens
2. Die 21ste November is gradedag en die volgende dag word die teologiese studente van die IRM kerk gelegitimeer. Petria is die koordineerder van die Gradedagbeplanning. Vir die geleentheid kom die Kuratorium van HEFSIBA ook vanoor die hele Mosambiek
3. Die watersituasie. Twee van ons boorgatte het feitlik opgedroog. Dirk moet kort-kort die pompe aan en af sit en sy bene is vol artiritis
4. Daar wag baie werk voor vir Antonette en Joao wat al die gidse vir volgende jaar moet gereedmaak om gedruk te word. Al die akademiese administrasie met al die punte moet gedoen word asook die druk van diplomas en grade
5. 'n Sekere tannie Victoria van Engeland kom van more af vir 3 weke ons help met enigiets wat ons wil he sy moet doen. Sy gaan by my en Antoinette tuis

GESONDHEID

Ek gaan volgende week af na Stellenbosch vir 'n week. Ek woon eers 'n baie interessante konferensie by oor Seksualiteit in Afrika en dan gaan ek weer vir 'n ondersoek (Vrydag 6 November) in Somerset-Wes om vas te stel of die behandeling van die kanker in my blaas suksesvol was. Dankie vir almal se gebede! Ek voel op die oomblik buitengewoon goed.

CRISTO ACIMA DE TUDO! CHRISTUS BO ALLES!

Kruger en Antoinette du Preez

BANKBESONDERHEDE:
HEFSIBA
ABSA LYNNWOODRIF, PRETORIA
TAKKODE: 333-645
REK. NR. 14-2015-5464

HEFSIBA Instituto Superior Cristao
Tel. +258 25252021
www.Hefsiba.org